View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by AJOL - African Journals Online

# ENKELE INLEIDENDE OPMERKINGS OOR DIE BEGRIP „LITURGIE" VANUIT REFORMATORIESE STANDPUNT[1]

*Die Lehre vom Gottesdienst nimmt ihren Anfang an dem Kernstück der Lehre, der Lehre vom Worte Gottes.* H. ASMUSSEN.

Om 'n paar inleidende gedagtes na vore te bring in verband met die reformatoriese visie op die begrip *liturgie* is eintlik 'n waagstuk omdat daar 'n hele spraakverwarring op hierdie gebied bestaan. Daarby kom die feit dat elke spreker oor die liturgie eintlik 'n spreker oor die dogmatiek is want die belydenis en die liturgie is onafskeidelik aan mekaar verbonde. Agter elke liturgie staan 'n reeks van Kerklike beslissings wat van groot belang is en wat ook in elke bespreking oor die liturgie gerespekteer moet word. Omdat die liturgie ontstaan vanweë die Kerklike beslissing is dit byna vanselfsprekend dat daar géén „universele liturgie" bestaan of kan bestaan nie want die kerklike ruimte tussen ons en die Bybel is nié homogeen nie. Daarom is die bespreking van die *liturgie* eintlik 'n bespreking van die dogmatiese agtergrond en vormgewing van die liturgie, maar dit kan nooit 'n soektog gaan word na die „universele liturgie" wat wel êrens bestaan en net ontdek moet word nie.[2] Buitendien moet ons as erfgename van die sestiende Eeuse Reformasie ook op hierdie gebied onthou dat daar soiets soos 'n Reformasie was en dat ons eintlik nie agter daardie tyd kan terugkeer nie as ons Reformatories wil bly, soos dit normaalweg verstaan word.[3] Alhoewel ons Reformatories wil bly, sal ons juis daarom moet teruggaan na die Skrif en terwyl ons dit doen, kom ons tog weer vanself by die ou, ekumeniese Kerk en haar liturgie uit. Omdat juis die grense tussen dié ou Kerk en die Kerk van Rome nie altyd ewe duidelik aan te wys is nie, sal die hele verdere vorm van die erediens tog telkens vanself op die voorgrond tree. So sal die ondersoeker op hierdie gebied tóg te make kry met die Grieks-Orthodokse Liturgie, die Anglikaanse „Common Prayer Book", die Roomse Mis, die Duitse „Agende" en derglike meer.

Die Reformasie van die sestiende Eeu was egter in wese sélf 'n teruggaan na die Bybel en die vorm van die reformatoriese erediens verteenwoordig daarom 'n duidelike dogmatiese plaasbepaling én standpunt. Soos Johannes a Lasco dit stel was die Reformatore daar duidelik van bewus dat hulle op die *waarheid* beroep en nié op die oudheid nie. Dié uitspraak bepaal dan meteen ook die verhouding én die verband wat 'n on-

---

1) Lesing, in Desember 1955 voor die Broederkring van Randse predikante, gehou.
2) Vergelyk hier G. van der Leeuw, *Liturgiek*, Nijkerk 1946, blz. 10.
3) O. Noordmans, *Liturgie*, Amsterdam 1939, blz. 11.

dersoek vanuit reformatoriese standpunt op hierdie gebied moet handhaaf ten opsigte van die vroeë geskiedenis en die latere ontwikkeling.[4]

Ons woord *liturgie* is afkomstig van die Griekse *leitourgia*, wat 'n samestelling van die begrippe *lëitos*, wat beteken „met betrekking tot die volk" en die stam *erg*, wat met die begrip „werk" verband hou. In die „profane" Grieks is die woord oorspronklik 'n aanduiding van 'n werk, 'n diens ten behoewe van die volk, soos dit veral in Athene gegeld het. In die begin is hierdie „volksdiens" 'n wetlik-gereëlde diens wat deur welgestelde burgers belangeloos aan die volk bewys word. Later slyt die begrip af en dan word dit gebruik as aanduiding van elke willekeurige diens[5] terwyl in die papyri dit meestal 'n aanduiding is van die mees uiteenlopende dienste ten bate van die gemeenskap.[6] In die „profane" Grieks is die betekenis van die woord dus 'n hele end verwyder van die inhoud wat ons vandag daaraan toeken.

Die kerklike gebruik van die woord het ons deur die bemiddeling van die Septuaginta wat ongeveer tussen 250 en 130 v.C. ontstaan het. Hier kom die begrip *leitourgein* as aanduiding vir die begrip „dien" voor op ongeveer 'n honderd plekke en dan vernaamlik in Exodus 28-39, Numeri, Kronieke en Esegiël 40-46, almal in dié dele van die Ou Testament waar van die erediens sprake is. Normaalweg is die woord *leitourgein* in die Septuaginta 'n vertaling van die Hebreeuse *sjēret*, met die verstande dat *sjēret* alleen dan deur *leitourgein* vertaal word wanneer dit op godsdienstige handelinge betrekking het. So word *leitourgein* in die Septuaginta die terminus technicus vir *diens aan Jahwèh*. Wat van *leitourgein* in hierdie opsig geld, geld ook van die selfstandige naamwoord *leitourgia* wat as vertaling van die Hebreeuse *'abodah* gebruik word en so word *leitourgía* die vaste uitdrukking vir die Outestamentiese vorm van erediens. En dan in dié sin wat die Outestemantiese erediens die diens van die priesters en leviete in en by die heiligdom is en in die besonder is *leitourgía* dan uitdrukking van die priesterlike offerdiens by die altaar.

Daar die Septuaginta as die Heilige Skrif van die vroegste christene gegeld het en ook omdat die Nuwe Testamentiese skrywers by voorkeur die Septuaginta siteer as hulle uit die Ou Testament 'n aanhaling maak, sou mens verwag dat die begrippe *leitourgía* en *leitourgein* veelvuldig in die Nuwe Testament gebruik sou word, maar dit is nie die geval nie. Hierdie enigsins opmerklike feit moet al dadelik tot versigtigheid maan. *Leitourgein* kom in die Nuwe Testament driemaal voor en wel te Hand. 13:2, Rom. 15:27, Hebr. 10:11 terwyl *leitourgía* maar sesmaal gebruik word en wel te Luk. 1:23, II Kor. 9:12, Fil. 2:17 en 30, Hebr. 8:6 en 9:21. Op drie plekke naamlik te Rom. 15:27, II Kor. 9:12 en Fil. 2:30 word by die algemene

---

4) J. à Lasco, *Opera*, ed. Kuyper, II, 6. 7.
5) Vergelyk Aristoteles, *P.A.*, 2, 3, 8 en ook 3, 14, 7 en 9 asook *Incess. An.* 12.11.
6) 'n Uitvoerige behandeling van die woord en begrip *liturgie* word gegee deur H. Strathmann in *Theol. Wörterbuch zum N.T.*, hrg. G. Kittel, Stuttgart 1933, Bd. IV, S. 221-238.

*koinē*-spraakgebruik aangesluit en dra die woord die inhoud van diensverrigting in die algemeen. Driemaal word die woord in sy Septuagintbetekenis gebruik om te verwys na die Ou Testamentiese erediens naamlik te Luk. 1:23, Hebr. 9:21 en 10:11 terwyl die ander tekste alleen staan.

Die woorde *leitourgia* en *leitourgein* het dus, soos afgelei kan word uit die bostaande, in die Nuwe Testament hul noue samehang met die kultiese en priesterlike erediens verloor en waar dit wel van die Nuwe Testamentiese gemeentlike samekoms gebruik word, kom die woorde in spiritualiserende gees voor.[7] Eintlik gebruik die Nuwe Testament nié die woord *leitourgia* vir die erediens nie maar dui dit met die woorde *thrēskeia* en *lateira* aan. Maar ook hierdie woorde word nie in die gees van die latere kerklike ontwikkeling gebruik nie maar meer in algemeen-geestelike betekenis. Strathmann toon dit baie duidelik ten opsigte van die woord *latreia* aan[8]:

> „*latreuein* bedeutet kultisch verehren. Während aber im AT hierbei in erster Linie stets an der Opferkultus gedacht ist, tritt dieser Gedanke im NT, abgesehen vom Hebräerbrief, fast völlig zuruck zugunsten des Gebetsdienstes und weiter zugunsten der totalen Auffassung, nach der im Grunde das ganze Leben des Christen unter dem Begriff des *latreüein* gerückt wird . . . Der Kultusbegriff ist spiritualisiert."

Wat hier van *latreúein* gesê word, geld mutatis mutandis vir *leitourgia* en in elke diskussie oor hierdie begrip is die spiritualiserende tekste van Joh. 4:23, Rom. 12:1 en Fil. 3:3 van beslissende betekenis!

Om egter na die begrip *leitourgia* terug te keer. In Hand. 13:2 word die beginpunt gevind van die christelike gebruik van die begrip. Daar deel Lukas mee dat 'n vyftal profete en leraars van die gemeente van Antiochië deur die Heilige Gees toegespreek is „terwyl hulle besig was om die Here te dien". Hier moet ons bepaald aan die christelike samekoms dink en dan is dit opvallend dat die gebedsgemeenskap van die gemeente as *liturgie* aangedui word.[9]

Opmerklik is verder dat in die Nuwe Testament die begrippe *leitourgein* en *leitourgia* nooit gebruik word vir die aanduiding van die ampswerk van die leiers van die christelike gemeente nie. Vanuit die christelike denke is dit ook te begrype want dit was onmoontlik om die begrippe van die Ou Testamentiese priesterlike arbeid en kultus op die arbeid van die Nuwe Testamentiese ampsdraer oor te dra.[10] Die priesterlike kultus het, soos die Hebreërbrief dit aandui, sy einde in die offer van Christus gevind.

---

[7]) Dit is 'n ontwikkeling wat ons reeds by die rabbynse Jodedom terugvind en wel by Jesus Sirach, *Sapienta*, en die *Test. XII Patr.*

[8]) H. Strathmann, *a.a.O.*, Bd. IV, S. 65.

[9]) H. Strathmann, *a.a.O.*, Bd. IV, S. 227, 231/2 en 233-235.

[10]) Vergelyk P. A. van Stempvoort, *Eenheid en Schisma*, Nijkerk 1950, blz. 93 vgg.

Besonder interessant is dit om die *middelaarswerk van Jesus* en die *apostolaat van Paulus*[11] as liturgiese handelinge in die Nuwe Testament aangedui te sien. Ons kan dus sê dat Hand. 13:2 die begrip aan ons toon in sy Nuwe Testamentiese kerklike gewaad terwyl die wyere begrip daarvan verteenwoordig word deur die aanduiding van Paulus se werk onder die heidene[12] terwyl die betrekking wat die woord op die kultiese tempeldiens gehad het, wat die Nuwe Testament betref, heeltemal verlore gegaan het.

In die na-Nuwe Testamentiese tyd het die woord *leitourgía* ook weer verskillende inhoudsveranderinge ondergaan. In die Griekse (later die Grieks-Orthodokse) Kerk het die woord spoedig weer 'n kultiese betekenis gekry en daar is weer heeltemal op die Septuagintiexe gebruik van die woord teruggeval. Die gebruik in die Grieks-Orthodokse Kerk van die woord *Liturgie* was nie net die aanduiding van die hoofgodsdiensoefening van die Sondag nie maar ook vir die amptelike diens van die kerklike ampsdraers.[13] Hier het dus betreklik gou ander inhoude die Nuwe Testamentiese begrip van *leitourgía* gaan vul. Inplaas daarvan dat op die voetspoor van die spiritualiserende tendens van die Nuwe Testament voortgegaan is, is daar teruggegryp na die Ou Testament en het die Grieks-Orthodokse erediens die karaktertrekke gaan toon van die erediens soos dit uit die Ou Testament geken word. Begrippe soos priester, altaar, offer, in die Ou Testamentiese sin van die woorde, kom nou weer na vore sodat *leitourgía* eintlik weer aanduiding word van die diens wat die priester by die altaar verrig. Hierdie afwyking van die Nuwe Testament het deur die invloed van die Griekse Kerk deurgewerk in die hele Kerk sodat dit ook later in die Kerk van Rome ingang gevind het.

In die Weste in teenstelling met die Ooste, is die begrip *liturgie* nie spoedig gebruik nie en daar is meer van die latynse begrippe *ordo*, *officium*, *ministerium* gebruik gemaak. Hierdie woorde is soberder van inhoud as die begrip *liturgie* soos dit in die Grieks-Orthodokse Kerk gebruik is as aanduiding van die kultiese drama wat in die heiligdom opgevoer is. Hoewel die geskiedenis van die woord *liturgie* in die Weste obskuur en nog onduidelik is, het dit waarskynlik via die Renaissance in die Roomse Kerk in gebruik gekom.

Die Reformatore het die woord maar selde gebruik. Melanchton gebruik dit as 'n griekse benaming vir die Roomse Mis[14] terwyl Luther as aanduiding vir die hoofgodsdiensoefening van die Sondag die woorde *Missa* en *Messe* in 1523 en 1526 gebruik. Oor die algemeen word in die kerklike reëlings van die sestiende Eeu, ook as dit oor die liturgie gaan, van die latynse woord *ordo* gebruik gemaak. In Duitsland word die begrip

---

11) Hebr. 8:2 en Fil. 2-17.
12) Rom. 15:16.
13) G. Rietschel, *Lehrbuch der Liturgik*, Berlin 1900, Bd. I, S. 4. en ook A. von Harnach, *Lehrbuch der Dogmengeschichte*, Tübingen 1931, Bd. I, S. 806-808.
14) Ph. Melanchton, *Apologie*, Art. 24, R. 272.

*Agende* en in Nederland *Ceremoniën* gebruik. Alleen Vallerandus Pollanus wat in 1551 'n orde van diens vir die Straatburgse vlugteling-gemeente in Londen opstel gebruik die titel *Liturgia sacra*[15]. Calvyn wat in 1542 'n orde van diens opstel gebruik die franse uitdrukking *prières ecclesiastiques.*[16] G. Rietschel wys daarop dat die woord *liturgie* waarskynlik deur middel van die Engelse litteratuur in Duitsland ingeburger het. In Nederland word *liturgie* gebruik as aanduiding van die vorm van erediens wat in die Grieks-Orthodokse Kerk en in die Anglikaanse Kerk in swang was, maar dit is nie gebruik as 'n aanduiding van die protestantse erediens nie.[17]

Dit mag dus aangeneem word dat vanweë die konnotasies wat die woord gehad het, die woord *liturgie* vir 'n hele paar eeue nié in die Westerse Kerk gebruik is nie. Die reserwe wat daar in die reformatoriese kringe ten opsigte van die woord betrag is, is dan waarskynlik ook toe te skrywe aan die assosiasies wat die begrip het met 'n vorm van erediens wat aan die Reformasie vreemd is.[18] Noordmans verset hom ook teen die gebruik van die woord *liturgie* veral vanweë die feit dat daarmee 'n sakramentele vorm van erediens aangedui word soos dit in die Anglikaanse en die Grieks-Orthodokse Kerke beoefen word[18]:

> „Wij zijn met Rome meer van éénen huize dan met Byzantium. Met Rome hebben wij gemeen, de Latijnsche nuchterheid, de discipline, het *officium* (het ambt), de *ordo* (sobere regel), het *ministerium* (aardsche dienst). De Liturgie vermengt hemel en aarde; zij concentreert het leven in die cultus en maakt wat daarbuiten is profaan; zij mystificeert de historie en verwart leven en sacrament."

Noudat die inhoud van die begrip *liturgie* in die „profane" Grieks in die Septuaginta en in die Nuwe Testament en die tijd daarna heel kortliks nagegaan is, moet daar ewe kort en alleen in breë trekke aangetoon word wat vandag onder die begrip *liturgie*, vanuit reformatoriese standpunt, verstaan kan word.

In noue aansluiting by die Nuwe Testament en as erfgename van die Reformasie kan ons in die eerste plek onder liturgie alleen die verlossende werk van Jesus Christus op aarde verstaan. Liturgie in die sin van die misties-sakramentele erediens van die Grieks-Orthodokse Kerk waar die heilige handelinge in 'n geslote, gewyde ruimte voltrek word, los van die profaan-wêreldlike, is omdat dit vreemd aan die Nuwe Testament is, onaanvaarbaar. Wel is dit Bybels om in antwoord, in dankbaarheid teenoor die liturgie van Jesus Christus, ook 'n liturgie te hê want ons antwoord

---

15) Vallerandus Pollanus, *Liturgia sacra, seu ministrii in Ecclesia Argentinae*, London 1551. Drie jaar later is dit onder dieselfde titel ook in Frankfurt uitgegee.

16) J. Calvinus, *La forme des prières et chantz ecclesiastiques*. Hierby het hy ook 'n Doop-Nogmaal -en Huweliksformulier gevoeg, alles „*selon la coustume de l'Eglise ancienne.*"

17) G. Rietschel, *a.a.O.*, S. 193.

18) Dat die begrip *liturgie*, as aanduiding van die sakramentele orde van diens, die reformatories-gesindes afgestoot het, word deur die feit dat die *Pilgrim Fathers* Engeland terwille van die liturgie verlaat, bewys.

deur ook 'n diens te verrig. Die liturgie van Jesus Christus, die diens van God aan die wêreld, het as middelpunt die Seun van God wat Sy priesterlike, profetiese en koninklike diens op aarde terwille van en aan die sondaar op aarde vervul. Daarby moet die gedagtegang dat Jesus Christus die Woord wat mens geword het, ons liturgie-in-antwoord se karakter bepaal. In antwoord op die volkome, goddelike liturgie betaam dit die Kerk om in haar onvolkome, gebroke liturgie dieselfde Woord sentraal te stel.

Die antwoord wat die Kerk mag gee bestaan eintlik uit twee aspekte wat egter onafskeibaar aan mekaar verbonde is. Die een aspek van die antwoord vind sy vergestalting as ons eenvoudig en eerbiedig, ootmoedig en gehoorsaam die weeklikse samekoms van die Kerk bywoon. Hierdie aspek van ons liturgie word volgens antwoord 103 van die Heidelbergse Kategismus onderverdeel in die diens van die Woord, die diens van die sakramente, die diens van die gebede en die diens van die offerrande. Hierd e vier omvat ons diens op die Sondag. Hierdie diens van die Kerk, waar die diens van die Woord tereg as eerste genoem word, word deur die Reformatore verder omskrywe as die Kerk, die versameling van gelowiges wat die liturgie van Jesus Christus beantwoord, aangedui word as datgene waar die Woord Gods reg gepredik, die sakramente volgens hulle instelling bedien en die tug uitgeoefen word.[19]

Juis hierdie laaste kenmerk van die tug is in hierdie verband van belang omdat dit 'n duidelike aanwysing is dat die reformatoriese Kerk met sy liturgie-in-antwoord nie van die wêreld afgesny is nie maar oopstaan na die wêreld toe. Woord en sakrament is nie in 'n geslote, gewyde ruimte vasgevang nie maar beweeg vanuit die diens van die Kerk na die wêreld toe. Die tug is daarom 'n herkenningsteken van die diens van die gemeenskap van die Woord omdat die inwerking van die Woord en die sakrament op die wêreld nie harmonieus is nie.[20]

Die tweede aspek van ons antwoord op die litrugie van Jesus Christus vind sy tipe en voorbeeld in die liturgie van die apostel Paulus, in die apostolaat. Hier word ons duidelik getoon dat die liturgie van die Kerk wat die Nuwe Testament wil gehoorsaam nie kan lê in die sakramenteel-kultiese verrigting om en by die altaar in die heiligdom nie, maar die liturgie van die Kerk is die apostolêre Woordverkondiging in en aan die wêreld. Eintlik is hierdie aspek eintlik die dominerende want dit vorm die groot eskatalogiese agtergrond waarteen die gemeentelike samekoms op die Sondag gesien moet word. Die erediens elke Sondag kry juis sy sobere gedaante vanweë hierdie wêreldbewegende van die apostolaat wat in die Kerk ingedra word en nie as profaan-wêreldlik daaruit geweer word nie. Op hierdie manier kan dit nie anders dat die erediens van die Kerk ontmysteriseer word nie.[21]

---

[19]) Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. XXIX.
[20]) Vergelyk hier W. Lüthi v. E. Thurneysen, *Abendmahl und Beichte*, Zürich 1944.
[21]) Vergelyk O. Will, *Le Culte*, Paris 1938, T. I. ,p. 189.

Die apostolêre aspek van ons liturgie-in-antwoord word in ons nuwe Kerkwet ook in duidelik Nuwe Testamentiese sin geformuleer sodat 'n sakramentele vorm van erediens juis deur ons Kerkwet 'n onmoontlikheid word.[22] Hierdie apostolêre kant van die liturgie word deur Hoedemaker die kultus-vormende in die Kerk genoem,[23] terwyl Noordmans in hierdie verband opmerk:[24]

> „De Doop en Avondmaal gaan alle beide op Jezus terug. Maar de bediening en viering daarvan zijn door de apostelen ingesteld en de theologie van Doop en Avondmaal heeft de Kerk van Paulus ontvangen. Het zou heel moeilik zijn een begrip van kerk te vormen, alléén aan de hand van de evangeliën."

Hierdie apostolêre, wêreldomvattende aspek van die liturgie-in-antwoord dra ook nog die diens van die offerande in sy betekenis-sin. Dit, in sover as wat die apostolêre taak van die gemeente as 'n antwoord ook op die offerande van Jezus Christus gesien moet word. Want die één, onherhaalbare offer van Golgotha kan in ons Sondagse gemeentelike samekoms eintlik geen afdoende antwoord kry nie[25] omdat ons dié offer, volgens reformatoriese opvatting, alleen maar kan ontvang en nie kan herhaal nie. Die gang van die eenmalige offer is van die hemel na die aarde en nie omgekeerd nie. Die antwoord wat die gemeente egter wel kan gee op die offer van Christus lê opgeslote in die apostolêre werksaamheid van die gelowige in die wêreld.[26]

Onder die begrip *liturgie* kan ook die versameling van ag formuliere en dertien gebede verstaan word wat ons gewoonlik die liturgiese geskrifte noem. Hierdie geskrifte het grotendeels in die sestiende Eeu ontstaan in die kringe van gelowiges wat terwille van hulle geloof uitgewyk het. Die geskrifte is deur Petrus Datheen voorganger van die vlugteling-gemeente te Frankenthal, versamel. By die versameling van Datheen is later nog enkele formuliere gevoeg deur die Sinode van Den Haag van 1586 naamlik dié van die Ban, van die Wederopneming van die afgesnedene, vir die bevestiging van die Dienare van die Woord en vir die bevestiging van Ouderlinge en Diakens. Die Sinode van Dordrecht van 1618-1619 het die liturgiese bundel met die formulier vir die Doop van volwassenes afgesluit.

---

22) Artikel IX, Kerkwet van 1951.
23) Ph. J. Hoedemaker, *De Kerk en het moderne Staatsrecht*, blz. 97.
24) Noordmans, *a.w.*, blz. 167.
25) Dit is 'n interessante vraagstuk in hoeverre die diens van die offerande (H.K. ant. 103) sy vergestalting vind in die kollekte wat nà die gemeentelike samekoms op Sondag gehou word en of dit nie juister sal wees om die kollekte 'n vaste onderdeel van die erediens te maak nie. Die sg. „Hervormde tradisie" hoef in hierdie verband geen beslissende rol te speel nie.
26) Rom. 12:1 stel: Ek vermaan julle . . . dat julle jul *liggame* stel as 'n lewendige, heilige en aan God welgevallige offer; dit is julle redelike godsdiens.
O. Noordmans, *a.w.*, blz. 158 handel oor die offer van Christus en die aanwysing van Paulus in Rom. 21:1 en sê dan: „Deze offerande is het dan die het heele apostolaat, het heele episcopaat, het heele pastoraat omvangt zoodat zij zich bewegen in die bediening des Geestes."

Hierdie liturgiese geskrifte is in die hitte van die stryd teen Rome opgestel, en is van uitsonderlike skoonheid. Dit mag as een van die kosbaarste erfenisse beskou word wat ons van die Reformasie ontvang het. Onder die invloed van die piëtisme, rasionalisme, independentisme, liberalisme en dergelike meer is veel gedoen om hierdie formuliere op die agtergrond van die kerklike lewe te skuif. Die gevolg is dat die inhoud en die sin van die formuliere selde of ooit algemene bekendheid in die Kerk geniet. Die gevolg is dat daar dikwels stemme opgaan om die formuliere maar af te skaf en in hierdie verband is dit die moeite werd om die mening van 'n vorige Preases van die Generale Synode van die Nederlands Hervormde Kerk aan te haal:[27]

> „Er kan een tijd komen, dat naast deze formulieren en gebeden nieuwe ontstaan. Maar dan is dit alleen gerechtvaardigd, wanneer zij tot dezelfde diepte afdalen als de Reformatorische liturgie. Verdringen mogen zij haar nooit. Wij willen geen afgoderij plegen met de oude gereformeerde liturgie, maar wij verdedigen haar tegen een gemakzuchtig geslacht, dat wat makkelijker aangesproken wil worden."

'n Derde en laaste inhoud wat die woord *liturgie* in ons tyd dra is die aanduiding as orde van diens in die Kerk. Die hervormingswerk van die Reformatore van die sestiende Eeu was ook 'n hervorming van die Westerse orde van diens en dit na aanleiding van 'n nuwe verstaan van die Woord van God. Die enigste Westerse vorm van erediens wat in dié tyd bekend was, was die Roomse erediens met die kenmerkende altaar wat in die midde van die gemeente geplaas is en waarop Christus herhaaldelik geoffer word. Luther het in sy hervormingswerk die offer van die altaar verwyder, maar die altaar met heelwat van die seremonies behou. Die verkondiging van die Woord egter het hy uit die ryk liturgiese omweefsels losgemaak en heeltemal op die voorgrond geplaas. Die sakrament het hy, ten voordele van die Woordverkondiging, relatief meer op die agtergrond geplaas.[28] In 1526 met die publikasie van sy *Deutsche Messe* verklaar hy selfs dat die erediens alleen 'n uitwendige, pedagogiese betekenis het en doen dit om die Roomse opvatting wat die geloof aan die sakramentele kultus verbind, ook te hervorm. Daarom formuleer hy die beginsel dat die ontmoeting tussen God en die gelowige alleen in die gees, spiritueel plaasvind en nie deur middel van 'n sakramentele erediens nie. So word die erediens by Luther „un rituel demantelé" waar geen enkele waarborg vir die *praesentia realis* gegee is nie.[29]

Die gereformeerde vadere het op hierdie spiritualiserende hervorming van die erediens voortgebou en sekere konsekwensies van die werk van

---

[27]) H. J. F. Wesseldijk, artikel in *In de Waagskaal*, Jrg. I, No. 26.

[28]) Vergelyk V. Vajta, *Die Theologie des Gottesdienstes bei Luther*, Göttingen 1954, S. 115-208.

[29]) V. Vajta, *a,a.O.*, S. 182-183. Die hele kwessie van die *praesentia realis* word hier nie nader behandel nie aangesien dit 'n hele onderwerp op sigself kan vorm.

Luther getrek. Die altaar is uit die kerkgebou verwyder omdat Christus met sy offer in die hemel is en daar is nie weer gepoog om hierdie leë plek in die gereformeerde erediens op te vul nie. Daarmee verdwyn die eintlike middelpunt van 'n liturgie en sakramentele sin van die woord en verbrokkel dit tot 'n handjievol formuliere. Hierdie handjievol formuliere behou alleen hulle verband met mekaar deur die gebruik en nie deur middel van 'n liturgiese verband nie. Hierdie versobering van die liturgie, op die voetspoor van Nuwe Testament vind ons reeds in die vroegste gereformeerde liturgieë naamlik die *Liturgia sacra* van Pollanus van 1551 en die *Christlijke Ordinantiën* van Martin Microm van 1554. Die gereformeerde opvatting van die erediens is eintlik 'n leë ruimte wat alleen deur die lewende verkondiging van die Woord gevul word. God nader die gemeente deur die Woord.[30] „Dem dürren Gottesworte", soos Luther dit êrens uitdruk, vorm ook hier die sentrale moment van die erediens.[31]

In die Kerk, in die erediens is die twee hoofpilare waarop die geheel rus die twee elemente Woord en Sakrament en die twee staan eintlik los van mekaar want die Woord word nooit sakramenteel nie en alhoewel Augustinus, Luther en Calvyn na die sakrament verwys as *verbum visibile* moet ons dit nie opvat in die sin dat die Sakrament hier die Woord sou benader nie. Calvyn wys daarop dat ons hierdie skeiding tussen Woord en Sakrament nie as willekeurig moet gaan sien nie maar dit moet aanvaar as die twee maniere waarop God sy beloftes aan sy gelowiges wil bevestig sonder dat die twee egter in logiese verband met mekaar staan. Woord en sakrament praat elk 'n eie taal[32]. Asmussen beklemtoon hierdie gebrek aan 'n sistematiese verband tussen die Woord en die Sakrament en toon aan dat die onderskeiding in Woord en Sakrament op die wil van God berus en vir ons eintlik onafleibaar is.[33] Vir die orde van diens beteken hierdie skeiding tussen Woord en Sakrament alleen maar askese en dat die seremonies tot 'n minimum teruggedruk moet word[34]. 'n Sakramentele erediens is, as ons reformatories wil bly, 'n onmoontlikheid want die dele van die erediens laat hulle nie saamvoeg tot 'n logiese geheel nie.[35] 'n Liturgie in sakramenteel-kultiese sin is ook Bybels nie te verantwoord nie

---

30) Heidelbergse Kategismus, antwoord 98 stel dit: „God, wat sy christene nie deur stomme beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord wil laat onderrig."

31) Daarom is dit reformatories gesien, eintlik nie juis om die dienaar van die Kerk 'n *dominee* te noem nie want die Protestantse Kerk ken geen *monseigneurs* nie. Om hom 'n predikant te noem is om die amp te onderbetitel. Die juiste aanduiding vind ons in die aanduiding *verbi divini Minister* want die dienaar is die herout wat die gemeente saamroep om die verkondiging van die Woord aan te hoor, hy is die *martures*, die getuie en tenslotte in relatiewe sin met die oog op Math. 23:8, die leermeester. Dit is egter opvallend dat in nie een van die benamings die *priester*diens te onderken val nie.

32) J. Calvinus, *Institutoi*, IV, XIV, 8-10.

33) H. Asmussen, *a.a.*O., S. 39.

34) I Petrus 1:25, „maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is." Hier word geen melding van die sakrament gemaak nie.

35) Vergelyk B. Engelbrecht, *Die Vrye Gebed in die Formuliergebed in die Reformatiese Kerke*, (Diss.) Utrecht s.j., toegevoegde stelling XIV „die term ‚Hoogkerklike Protestantisme' is 'n teenspraak in sigself." Dit in teenstelling juis met G. van der Leeuw, *a.w.*, blz. 32 vg.

want die enigste liturgie wat die Bybel en die reformasie ken is dié wat in die pastoraat, die sending en die kerklike dissipline sy uitmonding en vergestalting het.

In die erediens dra die Woord die universele karakter, dit is die wêreldomvattende en eskatalogiese moment en die Woord is die middel waardeur die Kerk die wêreld verower.[36] Die sakrament is die gemeentevormende element want om die Sakrament vergader die gemeente om daar Gods besondere genade te mag ontvang.[37] Die Heidelbergse Kategismus is vir ons, as ons getrou wil bly aan ons reformatoriese belydenis, wanneer ons soek na die vorme van die erediens van groot belang. Die welbewuste en teologies-verantwoorde versobering wat die reformatoriese vadere ten opsigte van die erediens voltrek het, is iets wat ons nie sonder meer verby kan gaan nie. Die vadere het van die Roomse Mis gekom tot by die „diens van die Woord" en alle aksie in die Kerk-diens behoort in die eerste plek om hierdie Woord van God gegroepeer te wees. Al die ander elemente van die erediens, die sakramente, die diens van die gebede, die offerande, alles het sy plek nie langs nie, maar onder die woord. Asmussen bring hierdie gedagte as volg onder woorde[38]:

> „Alles, was sich ausser der Predigt in einem Evangelischen Gottesdienste ereignet, kann auch nur diesem Zwecke dienen (nl. der Auslegung des geschriebenen Wortes P.). Es geht alles um das Wort, ob wir singen oder beten, bekennen oder verkündigen. In der Liturgie darf nichts anderes geschehen, als dass eben das geschriebene Wort aufgelegt wird."

Ursinus om tenslotte een van die reformatoriese vadere aan te haal, toon aan dat die enigste versiering van die Kerk die suiwere leer, die wettige gebruik van die sakramente en die ware aanroeping en diens van God ooreenkomstig sy Woord is. Die seremonies is *verbi appendices* van die gepredikte Woord wat die middelpunt vorm. Wat die resultaat van daardie versobering van die erediens is, weet ons uit eie hand.

In die reformatoriese erediens is daar geen teëstelling tussen die orde van diens aan die een kant en die diens van die Woord aan die ander kant nie. By alles wat daar geskied in die reformatoriese erediens gaan dit om die sentrale Woord en die tipe van die liturgie vind ons by die apostel Paulus. Die ontmoeting met God vind plaas deur die Woord en Sakrament wat onvermeng, in hulle sobere vorme naas mekaar staan. Alles wat sweem na 'n kultiese offer moet egter verwyder word omdat ons by Paulus geen enkele aanduiding van 'n sakramentele erediens vind nie. Die liturgie van die reformatoriese Kerk voltrek sig in die lewe, die offer-in-antwoord op die

---

[36]) Paulus se wêreldomvattende liturgie is in die eerste plek *Woordverkondiging* en nie die hou van sakarmentele eredienste nie.
[37]) Nederlandse Geloofsbelijdenis, Art. XXXV: „ . . . ons ontvang die heilige Sakrament in die vergadering van die volk van God . . ."
[38]) H. Asmussen, *Gottesdienstlehre III, Ordnung des Gottesdienstes*, München 1936, S. ix.

enige offer van Jesus Christus is die self-op-offering in die diens van die Woord (Rom. 12:1-2). Reformatories gesien gaan dit egter sowel in die orde van diens as in die liturgie om die Woord van God. Dié Woord van dié God voor wie ons ons moet verootmoedig maar wat ons in Christus sy versoening geskenk het, wat ons oproep tot sy diens in gehoorsaamheid en wie ons, met die Kerk van alle eeue mag bely as die Vader, die Seun en die Heilige Gees. En as die gemeente daardie Woord van God gehoor en verstaan het, dan moet ons in die Kerk die moontlikhe d aan die gemeente laat om in die erediens, sowel as in die lewe 'n stamelende, onvolmaakte antwoord te gee op hierdie groot, geweldige Woord van God.

A. D. PONT.

Elsburg,

November 1955.